http://spilplus.journals.ac.za/



# DIE RELEVANSIE VAN LINGUISTIEK EN LITERATUURWETENSKAP IN 'N POST-APARTHEIDGEMEENSKAP

DR. C.S. JOHL (RAU)

---

Besinning oor 'n tema soos LINGUISTIEK VIR DIE TAALPROFESSIES, juis op hierdie tydstip in die geskiedenis van ons land en van sy universiteitswese veronderstel 'n problematiek van die een of ander orde - soos die sinvolle afstemming van 'n akademiese dissipline op die behoeftes van 'n gemeenskap.

Die algemene vrae wat uit só 'n spesifisering van die oorkoepelende tema spruit, is gegee:

° aan die een kant kan ons vra, wat kan die linguistiek die verskillende taalprofessies bied, en

° aan die ander kant, wat is die behoeftes van die verskillende taalprofessies, wat moontlik deur die linguistiek 'aangespreek' sou kon word?

Vir praktiese doeleindes word die taalprofessies hier hoofsaaklik verteenwoordig deur taalonderwysers en -dosente (en klaarblyklik net marginaal deur letterkunde-onderwysers en -dosente), vertalers, spraakterapeute, woordeboekmakers en taalbeplanners.

Die afstemming van linguistiese teorie en taalpraktyk is egter nog maar net één faset van 'n omvattender problematiek - 'n problematiek wat ons miskien skerper in fokus kan kry as ons dit sien as een van RELEVANSIE IN VERANDERENDE/VERANDERDE OMSTANDIGHEDE, GEGEWE BEPAALDE BEPERKINGE.

Só gesien is hierdie 'n probleem wat uiteindelik alle universiteitsdepartemente tot selfondersoek, en desnoods tot

http://spilplus.journals.ac.za/



heroriëntering gaan dwing - en uiteraard ook dié departemente waaronder linguistiek resorteer.

Die aanloop tot en faktore wat betrokke is by die globale problematiek is verwikkeld en 'n deurtastende ondersoek daarvan noodsaaklik. Binne hierdie bestek, en met ander beklemtonings, wil ek dit waag om een stel faktore uit te lig, sekere verbande daartussen aan te toon, en dan op die implikasies daarvan te wys vir die departemente waarbinne die dissiplines van die linguistiek en literatuurwetenskap tuishoort.

(1) Binne universiteitsgeledere is dit lank nie meer 'n onbekende feit dat die voortbestaan van heelwat departemente - ook departemente met lang en gerespekteerde tradisies - in die gedrang is nie.

Trouens, by bykans al die universiteite in Suid-Afrika is navorsingseenhede, institute en akademiese departemente al gesluit as deel van 'n 'geformulariseerde' rasionaliseringstrategie.

Die formules waarvolgens oor die voortbestaan van departemente geoordeel word, word afgelei van konsepte uit die ekonomiese, mediese en sosiale domeine - en vir gewone sterwelinge val hulle werking hoofsaaklik binne die domein van die mistieke!

By sommige universiteite word byvoorbeeld aanvaar dat 'n departement wat 50% kan genereer van die bedrag wat dit die universiteit jaarliks kos, BEKOSTIGBAAR is. Maar bekostigbaar ekwivaleer nog nie LEWENSVATBAAR nie. Om lewensvatbaar te wees, moet 'n departement in 'n toenemende mate staat te kan wees om sy eie fondse te genereer om uitgawes te finansier.

http://spilplus.journals.ac.za/



Wanneer die Staat sy subsidieformule vir die finansiering van universiteite aan die einde van die jaar, soos wat verwag word, werklik gaan aanpas na 50% van die sogenaamde a-waarde, is dit reeds denkbaar dat die SELFONDERHOUDENDHEID van departemente 'n dringende prioriteit sal word.

En as bekostigbaarheid, lewensvatbaarheid en selfonderhoudendheid mekaar uiteindelik móét ekwivaleer, departemente vir so 'n gebeurlikheid beplan; en dit geld ook vir die departemente waaronder linguistiek en literatuurwetenskap resorteer.

Dat beplanning deur departemente soos Linguistiek en Literatuurwetenskap nie uitgestel kan word nie, word onderstreep deur die feit dat dit veral ook taledepartemente se voortbestaan is wat bedreig word - onder meer omdat hulle studentegetalle só afneem dat die departemente buite die gestelde aanvaarbaarheidsinterval te lande kom. Die posisie van sulke departemente raak uiteraard ook die departemente van Linguistiek en Literatuurwetenskap, omdat hulle bestaan in 'n hoë mate geregverdig word deur die taledepartemente se behoeftes. En diegene wat meen dat Linguistiek en Literatuurwetenskap maar kan 'maak doen' met die behoeftes van Afrikaans en Engels het miskien nog nie die implikasies van die voorgestelde onderwysbeplanningsmodelle ernstig oorweeg nie.

(2) Dit bring my by 'n tweede faktor. Dit is opvallend dat by die meeste universiteite die bedreigde departemente deel is van die Geesteswetenskappe, wat as 'n geheel eintlik 'n bedreigde spesie is.

Daar is 'n verskeidenheid faktore wat tot dié posisie aanleiding gegee het. Een van hulle is die oorvoorsiening van BA-gegradueerdes in die arbeidsmark, 'n situasie wat oor 'n

http://spilplus.journals.ac.za/



hele aantal jaar ontwikkel en uiteindelik tot die devaluasie van die kwalifikasie gelei het. Werkgewers kla dat die produkte van 'n geesteswetenskaplike opleiding oor die algemeen 'onryp' en 'ongekwalifiseerd' is in terme van spesifieke behoeftes in die arbeidsmark.

Dit wil egter voorkom of afgesien van 'n beeldprobleem, geesteswetenskaplike opleiding ook gekonfronteer word met 'n relevansieprobleem. Uit die aard van die saak is die probleem te kompleks om binne 'n kort bestek bevredigend te ontrafel, maar departemente in die Geesteswetenskappe sal minstens aan die volgende aspekte aandag moet gee: aan die een kant, die kennisinhoude en instrumente wat die dissiplines beskikbaar stel, en aan die ander die vaardighede wat onderrig word, tesame met die houdings en verwagtinge wat gekweek word.

Dit beteken dat departemente in die Geesteswetenskappe die opleiding wat hulle aan studente bied, sal moet heroorweeg in die lig van die behoeftes in die arbeidsmark - en veral ook in die lig van veranderende en verwagte nuwe behoeftes. Máár dit beteken meer.

Dit beteken dat departemente binne die Geesteswetenskappe sal moet begin beweeg in die rigting van daadwerklike interdissiplinêre samewerking", nie net onderling tussen departemente binne die spesifieke fakulteite nie, maar ook met relevante departemente in ander fakulteite. Wat hier op die spel is, is nie bloot die samestelling van vakpakkette vir spesifieke graadkursusse nie. Dit behels 'n groter doelmatige afstemming van vakinhoude op spesifieke behoeftes - oor departementele grense heen.

Dat so 'n beweging in die rigting van 'n groter aanpasbaarheid in die samestelling van graadkursuspakette binne die

http://spilplus.journals.ac.za/



Geesteswetenskappe geweldige insette sal verg, is gewis; maar dit gaan ook bepaalde aanpassings verg. Vir eers sal die administratiewe formule vir die berekening van departementele krediete gewysig moet word. Maar 'n wesenliker wysiging is waarskynlik die aanpassing van die tradisionele kontak-onderrigmodelle wat by die meeste residensiële universiteite in werking is. Die beweging in die rigting van groter soepelheid, diversifikasie en doelmatigheid in kursussamestellings is net moontlik met 'n begeleide selfstudiemodel, waar die afgestemde kursusmateriaal op skrif of op band beskikbaar gestel kan word.

Dit sal 'n veeleisende oefening wees, maar as ons in gedagte hou dat die behoeftes van die gemeenskap universiteitsopleiding in die toekoms in 'n veel groter mate gaan dikteer as wat tot dusver die geval is, is dit 'n taak wat departemente sal moet onderneem. Veral ook as in ag geneem word dat 'n groot deel van die arbeidsmark wat hierdie gemeenskap verteenwoordig, vir 'n groot deel bestaan uit die private sektor op wie ook die Geesteswetenskappe in die toekoms sal moet steun vir finansiële ondersteuning.

(3) Ek wil in die verbygaan 'n laaste faktor noem wat verreken moet word in die heroriëntering van die Geesteswetenskappe, en dit is die rol van die Staat in die dilemma van die Geesteswetenskappe.

Daar is verskillende (en sekerlik ook goeie) redes voor, maar die feit is dat die staat 'n hele paar jaar gelede al prioriteite vir sy besteding, gekoppel aan die beginsel van welvaartskepping, uitgespel het. Hierdie beleidsformulering het ook verreikende implikasies vir die subsidiëring van onderrig en opleiding deur die staat gehad. Die geartikuleerde voorkeur was/is vir praktiese en beroepsgerigte

http://spilplus.journals.ac.za/



opleiding op spesifieke terreine, en in die proses is technikons direk en indirek bevoordeel en universiteite onvermydelik benadeel. Die uitwerking op universiteite is *tweeledig:*

- Direk is die uitwerking steeds minder geld van die staat vir universiteite; en
- dalk minder direk bedoel, 'n sterk negatiewe beeld van die Geesteswetenskappe. Dié beeld qoes enersyds gevoed deur die persepsie dat 'n geesteswetenskaplike opleiding nie meetbaar bydra tot die skepping van welvaart nie. Andersyds, omdat toe die universiteite hulle meer as tevore tot die private sektor moes wend vir finansiële steun, die substansiële skenkings gegaan het aan die fakulteite en departemente met direkte relevansie vir die sektor.

Die Geesteswetenskappe staan dus voor die uitdaging om sy beeld na buite te verbeter. Een manier om dit te doen, is om sy relevansie vir suksesvolle funksionering op verskillende vlakke van die gemeenskapslewe te demonstreer.

RELEVANSIE funksioneer in hierdie konteks op twee vlakke. Op 'n basiese vlak van toepasbaarheid gaan dit om die beskikbaarstelling van kennisinhoude, instrumente en vaardighede wat 'n betreklik direkte bruikbaarheid het in spesifieke situasies. 'n Groter praktykgerigtheid op hierdie vlak onderskei universiteitsopleiding egter nie genoegsaam van ander tersiêre opleiding nie. 'n Tweede vlak van relevansie, wat ons hoëvlakopleiding kan noem, moet dus bykom. Op hierdie vlak gaan dit om 'n teoretiese skolings- en rypingsproses en die aanleer van probleemoplossingsvaardighede. Van dosente verg dit die ordening van kennisinhoude en die afstemming van materiaal uit verskillende dissiplines om verbandlegging te

http://spilplus.journals.ac.za/



vergemaklik. Van studente vereis dit die kritiese toetsing van instrumente en die slyping van vaardighede met die oog op die hantering van probleemsituasies.

Ek wil, teen die gesketsde agtergrond, die kwessie van die RELEVANSIE VAN DIE DISSIPLINES VAN DIE LINGUISTIEK EN LITERATUURWETENSKAP oorweeg in terme van die situasie van 'n departement soos die departement Linguistiek en Literatuurwetenskap aan die RAU.

Die *klem in dié departement* val op *praktykgerigte nagraadse* opleiding. Daar is twee toepassingsgebiede: Taal- en Literatuuronderrig én Vertaling. In albei rigtings word sowel basiese as hoëvlakopleiding verskaf; die basiese opleiding geskied hoofsaaklik in die Honneurskursusse en die hoëvlak-opleiding in die gedeeltelik-gedoseerde Magisterkursusse en in die begeleiding van die Magisterverhandelings en doktorale proefskrifte.

Die direkte toepaslikheid van die verskillende deeldissiplines vir die spesialisasiegebiede is redelik voor-die-hand-liggend: hulle is van die begin af ingevoer of aangepas met die oog op die *nagraadse fokus* in die *departement*, te wete TOEGEPASTE LINGUISTIEK EN LITERATUURWETENSKAP én, eweneens van die begin af, doelbewus afgestem vir toepassing op die twee spesialisasiegebiede:

DEELDISSIPLINES IN DIE KURSUSSE IN TAAL- EN LITERATUURONDERRIG:

Die volgende dissiplines word betrek:

- PSIGOLINGUISTIEK - met die oog op die insigte wat dit kan bied in kwessies van taalverwerwing en die

http://spilplus.journals.ac.za/



verband tussen taal en denke, taal en die geheue én die implikasies hiervan vir die verwerwing van taal- en gespreksvaardighede, spesifiek ook vir lees- en interpretatiewe strategieë en uiteindelik derhalwe ook vir kognisie en begrip.

- SOSIOLINGUISTIEK - met die oog op die insig wat dit bied in die rol van taal in die samelewing, die implikasies van die koppelinge tussen sosiale strukture en taal, asook die wyse waarop taal identiteit (individuele, groeps- en nasionale identiteit) sinjaleer, vir die onderwys (byvoorbeeld vir taalonderwysbeplanning, tweetalige onderwys, en die hantering van kwessies soos taalhoudings en die probleem van dialeksprekende leerlinge).
- TAALTEORIE EN -PRAKTYK - wat die grondslag vorm vir insig in die struktuur van taal, die wyses waarop taal in praktiese situasies funksioneer en in hoe 'n mate taal gebruik en misbruik kan word om te oorreed en te manipuleer.
- TAALDIDAKTIESE STUDIES - wat in sy wese praktykgerig is met komponente soos die toetsing van taalvaardigheid, die ondersoek van die toepaslikheid van taalonderrigmetodieke en tegnieke in verskillende onderrigsituasies asook die toetsing van verskillende benaderings, waaronder die kommunikatiewe benadering se bruikbaarheid.
- GELETTERDHEIDSTUDIES - wat eweneens sterk praktykgerig is met die klem op terreine waar die behoefte aan funksionele opleiding in lees- en skryfvaardighede groot is. Hier word gekonsentreer op die onderbou wat nodig is met die oog op die ontwikkeling van kursusmateriaal vir geletterdheidsopleiding en die produksie van leesstof vir die nuutgeletterde. Uiteenlopende terreine word betrek

http://spilplus.journals.ac.za/



behoeftebepaling, die bepaling van kursusinhoude, didaktiese implementering en die skryf van materiaal.

° LITERATUURWETENSKAP/ONDERRIG - wat gedeeltelik ook 'n afstemming behels van teorie op literatuuronderrig binne 'n kommunikatiewe benadering waar gestreef word na 'n sinvolle integrasie van taal- en literatuuronderrig. Die klem val onder die aspek op literatuur as teks en as diskoers. Aandag word gegee aan kwessies soos taal in (literêre) tekste, konvensionaliteit en innovasie in teksproduksie, die leser en lees- en interpretasiestrategieë, asook die kontekstualisering van literêre tekste.

Die basiese kursusse in Taal- en Literatuuronderrig streef (soos dit uit die uiteensetting blyk) na 'n wye toepaslikheid in die praktyk. Dit gaan immers om moeder- en tweedetaalonderrig op primêre, sekondêre en tersiêre vlak, onderrig met die oog op taal vir spesiale doeleinde, én boonop nog om die plek en funksie van literatuuronderrig in onderwysleerplanne, veral in tweedetaal- en swarttaalonderrig. Oorkoepelend behels dit fasette soos beplanning, kurrikulering, materiaalontwikkeling, metodiek en toetsing op al hierdie vlakke.

Hierteenoor is die basiese opleiding van vertalers in hierdie stadium meer toegewyd, soos uit die volgende kursoriese (maar hopelik selfverklarende) uiteensetting van die kursuskomponente blyk:

DEELDISSIPLINES IN DIE KURSUSSE IN VERTAALOPLEIDING:

Die volgende dissiplines word betrek:

° TAALTEORIE EN -PRAKTYK

http://spilplus.journals.ac.za/



- TEKSLINGUISTIEK
- VERTAALTEORIE
- SOSIOLINGUISTIEK
- PRAKTIESE EN GESPESIALISEERDE VERTALING - insluitende byvoorbeeld: FINANSIëLE VERTALING, REGSVERTALING, TEGNIESE VERTALING; en verder ook twee meer kreatief-georiënteerde spesialisasiegebiede: LITERêRE VERTALING en MEDIA-VERTALING.

  Die laasgenoemde twee komponente behels, benewens die vertaling en verwerking van literêre tekste uit die verskillende genres, insluitend kinderliteratuur, vertaling vir die media- en reklamebedryf en oorklankingsvertaling, ook 'n komponent, vertaalkritiek.

Dit sou natuurlik sinvol om die opleiding van vertalers op te neem in 'n omvattender opleidingsprogram wat gemik is op die opleiding van taalwerkers in die breë: byvoorbeeld tolke, taalversorgers, skakelpersone, joernaliste, ens.

Die groot uitdaging tans lê egter by die hoëvlakopleiding van studente, waar insigte en instrumente uit relevante dissiplines (intra- en interdepartementeel, maar selfs ook interfakultêr) sinvol betrek en probleemoplossend op die praktyk afgestem moet word.

Een manier om so 'n interdissiplinêre afgestemdheid op probleme in die samelewing/praktyk te bereik, is deur die aanvaarding van 'n kultuurkritiese instelling. So 'n kultuurkritiek, wat uiteraard sterk bande met dissiplines in ander departemente sal hê (waaronder Filosofie, Sielkunde, Sosiologie en Ekonomie), kan óf 'n selfstandige rigting/deeldissipline in departemente (soos van Linguistiek en Literatuurwetenskap) wees óf 'n gemeenskaplike oriëntering van die bestaande dissiplines.

http://spilplus.journals.ac.za/



Die funksie van so 'n kultuurkritiek op hierdie tydstip van ons land se geskiedenis is om die gemeenskap te oriënteer ten opsigte van veranderinge in die samelewingstrukture, op die verskillende terreine én as 'n geheel.

Van die kant van die Linguistiek en Literatuurwetenskap af kan 'n kultuurkritiek op drie vlakke funksioneer. Die fokus van elkeen van die drie interafhanklike vlakke stel die departement in staat om in verskillende rigtings aan te pas. Op die eerste vlak word 'n sinvolle afstemming van die dissiplines binne 'n departement Linguistiek en Literatuurwetenskap moontlik gemaak, op die tweede vlak die funksionele integrasie van departemente binne fakulteitsverband en op die derde vlak interaksie met die gemeenskap en sy probleme:

In die res van die opstel volg 'n paar kort opmerkings oor hierdie oriëntering van die drie vlakke:

° Op die eerste vlak, word gestreef ons na 'n basis vir die samewerking tussen linguistiek en literatuurwetenskap. Daar was oor die jare verskeie poging om die twee dissiplines nader aan mekaar te trek - aanvanklik deur die formalismes en die stilistiek, later binne die raamwerk van die semiotiese projek en in die jongste tyd deur die literêre pragmatiek. Die eerste twee pogings was slegs in 'n beperkte mate geslaagd, en die jongste een het nog nie werklik kans gehad om dit te bewys nie.

Myns insiens is daar egter genoeg insigte, uit verskillende dissiplines en benaderings, oor die funksie van taal en literatuur in die gemeenskap, om so 'n projek die moeite werd te maak.

http://spilplus.journals.ac.za/



Die projek, wat terselfdertyd ook kultuurkrities kan funksioneer, veronderstel die aanvaarding van die volgende Bakhtiniaanse twee premisses betreffende die verhouding tussen taal en die gemeenskap én taal en ideologie:

(i) Taal is die konkrete medium van die sosiale interaksie van mense in 'n gemeenskap en as sodanig is gemeenskap en taal nie te skei nie;
(ii) Ideologie is taal in die vorm van linguistiese tekens.

Om die laaste uitspraak reg te verstaan, is dit nodig om te weet dat Bakhtin "woord" (as linguistiese teken) gebruik in die sin van "dialoog", wat die idee van verhoudings - soos onder meer verhoudings van domina(n)sie en repressie - moontlik maak.

Met behulp van die Bakhtiniaanse standpunte oor "dialoog" en "taal as sosiale medium", kan "kommunikasie" gereleveer word as 'n sentrale konsep in 'n kultuurkritiese projek. Om die prosesse van hierdie sosiale kommunikasie dan deur medium van taal, bloot te lê en te beskryf, is 'n kommunikasiemodel nodig. Die klassieke Jakobson-model wat ook in die semiotiese projek gebruik word, is egter ontoereikend vir die doeleindes van 'n kultuurkritiese projek, waar die klem val op tekstuele kommunikasie binne 'n samelewingskonteks.

Binne die semiotiese projek gaan dit wel om die bestudering van die lewe van tekens, soos wat De Saussure dit dekades gelede reeds voorsien het. En, die betekenis-genererende krag van "konvensie" en "verskil" staan wel sentraal in die projek. Maar die feit dat betekenis binne die semiotiek so sterk binne die funksionering van 'n geslote sisteem gesitueer word,

http://spilplus.journals.ac.za/



bring mee dat die semiotiese projek as sodanig nie 'n doeltreffende kultuurkritiek moontlik maak nie.

Die semiotiek, weet ons, sê dat die betekenis van tekste gereguleer word deur verskeie kodesisteme, sowel van die (teks)produksie- as die ontvangskant. Jonathan Culler (1981:38) het die taak van die semiotiek só geformuleer:

> "Semiotics attempts to make explicit the implicit knowledge which enables signs to have meaning, so it needs the reader not as a person but as a function: the repository of the codes which account for the intelligibility of the text. Because (literary) works do have meaning for readers, semiotics undertakes to describe the systems of convention responsible for those meanings."

Soos verskeie ander teorieë van tekstuele betekenis, soek die semiotiek ook 'n terrein waar die betekenis wat gegenereer word, geregverdig/genaturaliseer kan word. En die terrein waar betekenis genaturaliseer kan word, is vir dit semiotiek die terrein van konvensionalisering. Dáárom dat Culler (1981:59) kan sê: "There seem to be good reasons to insist on the constitutive force of generic conventions and their links with the most general reading strategies."

Vir die semiotikus gaan dit dus om die konvensionaliteit van 'skryf' en van 'lees'. En daar is 'n band tussen die twee, omdat lesers en skrywers hulle oënskynlik dieselfde strategieë beroep om die betekenis van gebeurtenisse te probeer begryp. Vertelling ("narration") word dan gesien as een van die basiese modusse van singewende ordening. Culler (1981:214) praat byvoorbeeld van "narration as a basic mode of intelligibility".

http://spilplus.journals.ac.za/



Hierdie basiese strategieë van singewing kan op verskillende maniere verduidelik word. Iemand soos Hayden White (TROPICS OF DISCOURSE, 1978), beskryf die strategieë byvoorbeeld, na aanleiding van Kenneth Burke, as die vier meestertrope, metafoor, metonimie, sinekdogee en ironie. Van die teksproduksie-kant verteenwoordig elkeen van die figure 'n ordenende werking wat die teks op verskeie vlakke kan organiseer (vgl. ook Culler, 1981:216). Maar dieselfde figure kan ook as lees- en interpretasie-strategieë ontplooi word (Culler, 1981:58-63): hulle is immers die "basic devices or modes of inference and interpretation" (ibid, p.216) van álle tekste, nie net van literêre tekste nie (ibid, pp. 64 & 65).

° Ek het gesê dat die semiotiese projek as sodanig nie kultuurkrities kan funksioneer nie, omdat dit betekenisgewing binne die werking van geslote sisteme vasvang. Maar as die semiotiek nie self krities is nie, kan dit 'n belangrike bydrae lewer tot die kennis wat op die tweede vlak van 'n kultuurkritiese projek ter sake is. Op hierdie vlak gaan dit daarom om aan te toon dat, en hóé, tekstuele konvensionalisering, van die produksie- en ontvangskant van die kommunikasieproses, die terrein van die ideologie is. Want die band tussen konvensie en ideologie word sigbaar in die strategieë van naturalisering, wat werksaam is in die onderhouding van konvensies (Culler, 1975:131-160), waar naturalisering dié effek het dat die 'vreemde' en 'afwykende' tekstueel georden en uiteindelik diskursief genaturaliseer kan word.

Die gedagte dat sowel die representatiewe strategieë van teksproduksie as die naturaliserende strategieë van teksontvangs ideologies gekonvensionaliseer kan word, kan besonder vrugbaar benut word in 'n kultuurkritiese projek, wanneer dit gepaar word met die Bakhtiniaanse gedagte van die

http://spilplus.journals.ac.za/



"literatuur (: lees "teks") as self 'n ideologiese praktyk wat na ander ideologieë verwys".

Van hierdie basis af kan aangetoon word hoe juis deur hulle tekstualiteit tekste die ideologiese medium word van byvoorbeeld literêre en wetenskaplike diskoerse. Hierdie is die beskrywende en diagnoserende fase van 'n kultuurkritiek; dat dit die linguistiek en literatuurwetenskap interdissiplinêr situeer, is voor die hand liggend.

° 'n Relevante kultuurkritiese projek kan egter nie vassteek by beskrywing en diagnosering nie, dit sal ook met oplossings moet kom vir die (praktiese) probleme waarmee die samelewing op 'n gegewe tydstip gekonfronteer word voordat die dissiplines van die linguistiek en literatuurwetenskap op hierdie vlak relevant kan wees, sal sekere uitbreidings en aanpassings op die eerste vlak van die kultuurkritiese projek aangebring word, omdat die semiotiese projek, wat tot op die tweede vlak 'n belangrike bydrae kan lewer, op die derde vlak blyk tekortskiet.

Semiotiek verloor soms uit die oog dat in tekste nie net konvensionalisering en naturalisering op die spel is nie, maar ook vervreemding, afwyking en ondermyning; nie net eenheid en homogenisering nie, maar ook diversiteit en uiteenlopendheid - werkinge wat op sowel teksproduksie as - ontvangs betrekking het en wat in 'n kritiese projek geaktiveer kan word.

Die erkenning van die dinamiese interaksie tussen "orde(ning)" en "chaos/ondermyning" *moet 'n* teoretiese beslag kry. Wat (teoreties) moet gebeur, is dat (literêre) tekste aan die gemeenskap "teruggegee" word, en dit kan net gebeur as in die proses 'n nuwe rol aan die leser toegesê word. Op die oomblik probeer die Literêre Pragmatiek so 'n funksie vervul, en dit

http://spilplus.journals.ac.za/



word gedoen op 'n manier wat die dissiplines van die linguistiek en literatuurwetenskap baie nou op mekaar afstem.

'n Sleutelbegrip in die Literêre Pragmatiek van Nils Erik Enkvist en sy kollegas (vgl. Roger D. Sell, 1991), is die kontekstualisering van tekste, uitgaande van die standpunt dat die skryf en lees van (literêre) tekste 'n interaktiewe kommunikasieproses behels wat onafskeidbaar verbonde is met die spesifieke sosiokulturele kontekste waarbinne die proses plaasvind. As benaderingswyse sluit die Literêre Pragmatiek nou aan by die Bakhtiniaanse sosiologiese literatuurteorie en Roger Fowler se opvatting van literatuur as sosiale diskoers, terwyl dit as metode voortvloei uit Sperber en Wilson (1986). se Relevansie-teorie.

Die rol van die leser in die hantering van tekste behels drie aktiwiteite wat gekoppel is aan drie eienskappe van tekste: die eerste berus op die herkenbaarheid van tekste en behels die herkenning van sintaktiese samehange ("syntactical intelligibility"); die tweede berus op semantiese verstaanbaarheid en behels die konstruksie van semantiese strukture ('n definitiewe tekstuele betekenis); die derde behels wat Enkvist "interpretasie in die ware sin van die woord" noem, en behels die vermoë van 'n leser om rondom die teks "a scenario, a text world, a set of states of affairs" op te bou waarbinne daardie teks sin maak.

Dit is hierdie derde aktiwiteit van "singewing" (teenoor "betekenisgenerering") wat op die *derde* vlak van die voorgestelde kultuurkritiese projek ter sake is:

° Die basis van die bevrydende aktiwiteit van die voorgestelde kultuurkritiese projek op die derde vlak, waar dit gaan om die gesprek tussen die teoretiese insigte van die akademiese dissiplines en die praktyk waarbinne hulle

http://spilplus.journals.ac.za/



probleemoplossend moet funksioneer, is die baie kortliks volgende:

(1) die vermoë van tekste om aan die homogeniserende effek van konvensionele teksproduksie-/skryfstrategieë te ontsnap, al is dit tydelik. En hier stel literêre tekste die voorbeeld.

(2) die vermoë van leser om te ontsnap aan die homogeniserende naturaliseringseffekte wat deur aangeleerde/geykte lees- en interpretasiestrategieë in die hand gewerk word.

Hierdie vermoë van die mens om aan die beperkende en destruktiewe uitwerking van ideologie te kan ontsnap, is veral op die gebied van die literatuur en literatuurkritiek gedemonstreer deur, aan die teksproduksie-kant (die skryfproses), die werking van die Bakhtiniaanse skryfstrategieë van polifonie en heteroglossia, en, aan die ontvangskant, die werking van die Bartheaanse lees- en poststrukturalistiese dekonstruktiewe strategieë.

Dit is op hierdie manier, deur die aanvaarding van 'n kultuurkritiese fokus, dat die dissiplines van die linguistiek en literatuurwetenskap hulle binne universiteitsverband kan oriënteer én met krag binne die samelewingsverband kan situeer (tesame met ander dissiplines, van die Geesteswetenskappe).

Want die uiteindelike doel van 'n kultuurkritiese projek, van watter invalshoek ook al, is DIE BEVRYDING VAN DIE MENS SE DENKE. En as sodanig het so 'n projek, ondersteun deur die dissiplines van linguistiek en literatuurwetenskap, veel te sê vir verskillende bevrydingsaksies in die gemeenskap - van politieke bevryding, bevryding van verstarde denkpatrone in

http://spilplus.journals.ac.za/



die onderwys en van stereotipesin die samelewing tot die bevryding van die vrou!

## BIBLIOGRAFIE


Bakhtin, Michael 1981 "Epic and Novel" In: M. Holquist (red). THE DIALOGIC IMAGINATION: FOUR ESSAYS. Austin: University of Texas Press.

Barths, Ronald 1975 S12. London: Jonathan Cape
1976 THE PLEASURE OF THE TEXT. London: Jonathan Cape.

Culler, Jonathan 1975 STRUCTURALIST POETICS. London & Henley: Rontledge & Kegan P....
1981 THE PURSUIT OF SIGNS

Enkvist, Wils Erik 1981 LITERATURE AS SOCIAL DISCOURSE: THE PRACTICE OF LINGUISTIC CRITICISM. London: Batsford.
1986 LINGUISTIC CRITICISM. Oxford: Oxford University Press.

Gräbe, Ina 1991 "Literatuurwetenskap binne die universitêre bestel: Interdissiplinêre samewerking of noodsaaklike oorvleueling?" In: SAVAL-KONGRES-REFERATE, APRIL 1991: 1-8

Gutt, ea 1991 TRANSLATION AND RELEVANCE. Oxford: Basil Blackwell.

Sell, Roger D (red.)1991 LITERARY PRAGMATICS. London & New York: Routledge.

Sperber en Wilson 1986 RELEVANCE: COMMUNICATION AND COGNITION. Oxford: Basil Blackwell.

Verdonk, Peter 1987 "Precis of Relevance: Communication and Cognition". In BEHAVIOURAL AND BRAIN SCIENCES 10:697-754.

1991 "Poems as text and discourse: The poetics of Philip Larkin". In: RD Sell (red.). LITERARY PRAGMATICS. London & New York: Routledge.

White, Hayden. 1978 TOPICS OF DISCOURSE. Baltimore: Johns Hopkins, University Press.